| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit ’n AFDELING A en ’n AFDELING B soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG
   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA
   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950’s TOT DIE 1970’s: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM
   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO
   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950’s TOT DIE 1970’s: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. ***AFDELING A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. ***AFDELING B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

4. Beantwoord ***DRIE vrae*** soos volg:

   4.1. Ten minste ***EEN*** moet ’n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** moet ’n opstelvraag wees.

   4.2. Die ***DERDE*** vraag kan ’n brongebaseerde vraag óf ’n opstelvraag wees.

5. Dit is raadsaam om EEN uur lank aan elke vraag te werk.

6. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook in die beantwoording van die vrae getoets.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar, slegs met ’n ***BLOU*** pen.

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word vir die beantwoording van die vrae is ingeluit in die ADDENDUM.*

### VRAAG 1: HOEKOM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE USSR OM EUROPESE DOMINANSIE GEKOMPETEER NÁ 1945?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C and 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Volgens die bron, waarom het George Marshall ná die Tweede Wêreldoorlog ekonomiese hulp aan Europa gestuur? (1x1) (1)

1.1.2 Noem TWEE aspekte uit die bron wat die gevolge van die oorlog op Europa uitlig. (2x1) (2)

1.1.3 Wat het Truman, volgens die bron gedoen, om nie die Sowjetunie uit te lok nie, toe hy die Marshall-plan in Europa bekendgestel het? Noem TWEE punte. (2x1) (2)

1.1.4 Verduidelik die begrip *Marshall-plan* in 'n historiese konteks. (1x2) (2)

1.1.5 Haal 'n sin uit die bron aan wat wys dat die Marshall-plan 'n sukses was. (1x1) (1)

1.1.6 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Marshall-plan spanning tussen die VSA en die Sowjetunie verhoog het. (2x2) (4)

**[12]**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Benoem die Benelux-lande. (3x1) (3)

1.2.2 Haal 'n sin uit die bron aan, wat suggereer dat die Benelux-lande ekonomiese hulp van die Marshall-plan ontvang het. (1x1) (1)

1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Benelux-lande die Doeanekonvensie in ballingskap op 5 September 1944 onderteken het. (1x2) (2)

1.2.4 Verduidelik die begrip *doeane-unie* in jou eie woorde. (1x2) (2)

1.2.5 Hoekom, volgens die bron, was die vorming van 'n ekonomiese eenheid tussen die Benelux-lande so moeilik? (1x1) (1)

**[9]**

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Volgens die bron, teen wie het die VSA voorberei vir oorlog? (1x1) (1)

1.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis. Hoekom verwys die skrywer na die VSA en haar bondgenote as imperialiste? (2x2) (4)

1.3.3 Watter TWEE Sowjet-satellietstate in Europa het die Amerikaanse Truman-Marshall-plan aanvaar? (2x1) (2)

1.3.4 Verduidelik wat *Tito se afwykingsbeleid* beteken. (2x2) (4)

1.3.5 Verduidelik deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis wat die *Cominform* was? (1x2) (2)

**[13]**

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik die boodskap wat oorgedra word deur die spotprenttekenaar oor die Marshall-plan. (1x2) (2)

1.4.2 Lewer kommentaar oor of die spotprenttekenaar ’n eensydige beeld gee oor die Marhall-plan. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (1x2) (2)

1.5 Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1A die inligting in Bron 1D weerspreek, ten opsigte van die doelwitte van die Marshall-plan.
Ondersteun jou antwoord deur bewyse van albei bronne te gee. (2x2) (4)

1.6 Gebruik die inligting van die bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van tussen tien tot vyftien reëls om te verduidelik hoekom die VSA en die Sowjet-unie gekompeteer het vir Europese dominansie ná 1945. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE DIE UITKOMS VAN DIE ANGOLA-OORLOG TUSSEN 1987 EN 1988 BEÏNVLOED?**

Bestudeer die Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bron, wanneer het die Slag van Cuito Cuanavale plaasgevind? (1x1) (1)

2.1.2 Volgens die bron, waar was die FAPLA se verdedigingsbasis gewees? (1x1) (1)

2.1.3 Volgens die bron, watter operasie is deur die SAW van stapel gestuur? (1x2) (2)

2.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis, besluit of Cuito Cuanavale gesien kan word as ’n draaipunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. (2x2) (4)

2.1.5 Hoekom kan die Angolese Oorlog as ’n volmagoorlog (proxy-oorlog) gesien word? Gebruik jou eie kennis en inligting van die bron. (1x2) (2)

**[10]**

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Volgens die inligting in die bron, hoeveel soldate van die verskeie weermagte is in die Slag van Cuito Cuanavale gedood?

a) Kubaanse / FAPLA-magte (1x1) (1)

b) SAW (1x1) (1)

2.2.2 Gebruik die statistieke van die bron en verduidelik wie die Slag van Cuito Cuanavale gewen het. (4x1) (4)

2.2.3 Hoekom dink jy het die SAW gefaal om die statistieke van UNITA in te sluit? (1x2) (2)

2.2.4 Hoekom dink jy het FAPLA soveel meer gepantserde voertuie gehad as die SAW? (2x2) (4)

**[12]**

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Haal ’n sin uit die bron aan wat wys dat Suid-Afrika nie ’n voortgesette oorlog in Angola wou hê nie. (1x1) (1)

2.3.2 Hoekom het Generaal Geldenhuys gesê “Ons wil nie Angola ons Viëtnam maak nie”? (2x2) (4)

2.3.3 Hoekom het Generaal Geldenhuys oorwinning vir die Slag van Cuito Cuanavale geëien? (2x2) (4)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en gee jou mening oor hoekom Generaal Geldenhuys na die Slag van Cuito Cuanavale verwys as die oorlog vir Afrika. (1x2) (2)

**[11]**

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Volgens die bron, wat was die DRIE hoofmomente van die Slag van Cuito Cuanavale? (3x1) (3)

2.4.2 Identifiseer die TWO buitelandse lande wat UNITA gedurende die Slag van Cuito Cuanavale ondersteun het. (2x1) (2)

**[5]**

2.5 Verwys na Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D ondersteun in terme van die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale. (2x2) (4)

**[4]**

2.6 Gebruik die inligting van die bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van tussen tien tot vyftien reëls om te verduidelik hoe die Slag van Cuito Cuanavale die rigting van die Koue Oorlog in Angola tussen 1987 en 1988 beïnvloed het. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 3: HOE HET KONSERWATIEWE WIT AMERIKANERS OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN 1957 GEREAGEER?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Noem enige VIER Afro-Amerikaner leerders wat die Central High School in 1957 bygewoon het, volgens die bron. (4x1) (4)

3.1.2 Haal ’n sin aan, uit die bron, wat aandui dat die leerders nie welkom by die skool was nie. (1x1) (1)

3.1.3 Volgens die bron, watter naam is aan dié groep leerders gegee? (1x2) (2)

3.1.4 Hoekom het Daisy Bates en die lede van die NAAPC hierdie leerders blootgestel aan die volgende?

a) ’n Evaluasie (1x2) (2)
b) Beradingsessies (1x2) (2)

3.1.5 Hoekom is bron 2A betroubaar vir ’n historikus wat die skoolintegrasie in die VSA rondom 1957 bestudeer? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1x2) (2)

**[13]**

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Haal ’n sin uit die bron aan wat aandui dat die Goewerneur van Arkansas teen integrasie was. (1x1) (1)

3.2.2 Verduidelik die begrip *integrasie* deur die konteks in die bron as verwysingspunt te gebruik. (1x2) (2)

3.2.3 Volgens die bron, watter bewys is daar dat die meerderheid van die Amerikaners ten gunste van integrasie was? (2x2) (4)

3.2.4 Goewerneur Faubus verwys na die “tyd deurstaande beginsel van demokrasie.” Verduidelik hoe hierdie stelling sy opinie oor integrasie weerspreek. (1x2) (2)

3.2.5 Watter TWEE gevolge het goewerneur Faubus genoem wat integrasie sal bring? (2x1) (2)

**[11]**

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Met verwysing na die bron, hoe het die wagte Elizabeth gekeer om die skool binne te gaan? (1x2) (2)

3.3.2 Hoe het die skare opgetree teenoor Dr. Benjamin Fine? Verwys na die bron in jou antwoord. (2x1) (2)

3.3.3 Hoekom dink jy het die Nasionale Wag niks gedoen om Elizabeth te beskerm nie? (2x2) (4)

3.3.4 Watter regte van Elizabeth is deur die skare geskend? (2x2) (4)

**[12]**

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis. Wat het die Capital Citizens Council (CCC) beïnvloed om die pamflet te ontwerp? (2x1) (2)

3.4.2 Verduidelik die begrip *konserwatiewe wit Amerikaners* in die konteks van skoolsegregasie in die VSA in die 1950's. (1x2) (2)

3.4.3 Vergelyk Bron 3C met Bron 3D. Noem enige verskil tussen die twee bronne. (1x2) (2)

**[6]**

3.6 Gebruik die inligting van die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van tussen tien tot vyftien reëls, en gee 'n kritiese bespreking van hoe die konserwatiewe wit Amerikaners reageer het op die integrasie van Central High School in 1957. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTELLE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling. Jou opstel moet omtrent DRIE bladsye lank wees.*

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

"Die Viëtnam-oorlog (1954–1976) was gekenmerk deur die oorweldigende getalle van ongevalle, die gebruik van chemiese wapens, en uitgebreide mediadekking."

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te staaf. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

"Mobutu Sese Seko was suksesvol om politiese, ekonomiese en sosiale stabiliteit in die Kongo te bewerkstellig ná onafhanklikheid in die 1960's."

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate Malcolm X, Stokeley Carmichael en die leiers van die Black Panther Party suksesvol was om geregtigheid en rassegelykheid vir Afro-Amerikaners in die VSA in die 1960's te verkry.

Gebruik relevante bewyse om jou standpunt te staaf. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]